# STABILIS

Don't spill all your beans
P 3

news

Net gekke en dwase skryf op hulle skoolbanke
BL 2

in die uitgawe...

Onrus in Lesotho beïnvloed leerders
BL 8




diepte

Florence Meiring - a myth?
P 8

Groep laat drama herleef
BL 5

joernaal

A new take on an age-old story
P 9



Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary · www.gcb.co.za · JAARGANG / VOLUME 48 · NO 3 · Oktober / October 2014



**Gaskunstenaar, Nadine, saam met die Grey-manne.** **Foto: Verskaf**

# Vuur en vlam

## *Oud- en tans Grey-leerders oortref alles*

**ALBERT POTGIETER**

Die Musiekfees word deur almal beskryf as die hoogtepunt op die Grey-kultuurkalender.

Hierdie jaar se Musiekfees het geskitter onder 'n vlamme-aanslag en vuurwerke wat opgestel is deur 'n spesialis op hierdie gebied van Durban af.

Die gaskunstenaars was Nadine en een van die bekendste Afrikaanse Rock-groepe, Klopjag.

Corneil Müller (oud-Grey), het 'n verstommende bydrae gelewer - veral sy weergawe van *Feelin' Good,* oorspronklik deur Nina Simone.

***Lees berig op bl 5.***

# Die polemiek om godsdiens in skole

**JACO VAN LOGGERENBERG**

'n Aantal skole was onlangs in die nuus oor die godsdiensbeoefening in dié skole. Die voorlopige mandaat van die Suid-Afrikaanse Onderwysunie meld dat elkeen die reg het op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening.

Die Organisasie vir Godsdienste-Onderrig en Demokrasie wil die konstitusionele beginsel van vryheid van keuse in geheel beperk, wat impliseer dat die wens van die persone wat geen godsdiens wil beoefen nie dan op skoolgemeenskappe afgedwing word.

Elke skoolgemeenskap word versoek om oordeelkundig en sensitief 'n balans te tref tussen vryheid van geloof en uitdrukking en om sensitief te wees teenoor ander persone, leerders sowel as onderwyspersoneel, wat moontlik nie daarmee kan of wil identifiseer nie.

Mevv Rothmann, Venter, Van Wyk en 'n aantal graad 11-leerders, almal Christene, voel dat Grey op 'n Christelike grondslag staan. Godsdiensvryheid word ook erken. Almal respekteer mekaar en dit wérk. Afskaffing van godsdiensbeoefening sal in 'n demokratiese sisteem ook nie inpas by die idee van godsdienswyheid nie.

Mr Mahabeer, ook 'n Christen meen: "I think the Christian beliefs practised are beneficial to the school. Grey was founded on Christian beliefs and is a part of the school's ethos."

Nico Dreyer, 'n Christen-leerder voel dat: "Bybel-lees en gebed mag dalk gesien word as onsensitief teenoor van die seuns wat nie Christene is nie en 'n ander geloof volg." Hy dink nie dat 'n atmosfeer van godsdienstige neutraliteit by Grey sy geloof sal beïnvloed nie.

Salmaan Muktar, 'n Moslem-leerder sê: "I don't mind the religious beliefs that the school practises. The school has always been predominantly Christian and I am perfectly fine with it. I came to the school knowing it is a Christian school and it is not an issue. I wouldn't want to change the tradition or morning rituals for most of the learners at the school. It would have been a problem if 50% of the learners were Muslim or non-Christian but that's not the case, so it's fine."



**Godsdiensvryheid is vir almal.** **Foto: Johann Sonnekus**

**Talk for 60 minutes for only R4**

Call as many people as you want for 60 minutes after you activate.
Your change has power.

**Vouchers available at participating outlets**

**Vodacom**
Power to you




Ts & Cs apply. Vodacom to Vodacom calls. Not available for use 6pm to 9pm daily.
Purchases also available on *111# to all Vodacom Prepaid and Top Up customers.

## kortnuus

### Pret met yswater is uiteindelik tóg vir 'n goeie doel

**ALBERT POTGIETER**

Die Ice Bucket Challenge is in die lewe gebring om mense bewus te maak van amiotrofiese laterale sklerose (ALS) en veelvoudige sklerose (MS); wat die brein en uiteindelik beweging aantas.

Daar word van deelnemers verwag om 'n skenking van R115 te maak indien hulle kop geknik het vir die yswater. Iemand wat nie kans sien vir die yswater nie kan bloot ook R1000 skenk vir navorsing. Daar is ook heelwat kritiek oor die Ice Bucket Challenge uitgespreek wat meestal daarop neerkom dat mense die uitdaging net as pret gesien het, eerder as om geld vir liefdadigheid te skenk.

Maar soos altyd, gee Grey meer as net 100%. Gedurende die jaarlikse Musiekfees in Augustus het een van die gaskunstenaars, Nadine, vir Grey Kollege genomineer en mnr Scheepers, skoolhoof, het die uitdaging aanvaar en die yswater dapper hanteer. Die skool het R1000 aan die J9 Foundation geskenk, deur oud-Springbok Joost van der Westhuizen, ook 'n MS lyer, gestig. Mnr Scheepers het vir Nadine asook 'n aantal skole genomineer om R1000 te skenk. "Klein bedrae geskenk deur baie kan uiteindelik 'n wesenlike finansiële verskil maak," sê Mnr Scheepers.



Leerders staar verwonderd na die windverskynsel. Foto: Ebert Wohlitz

# Woeste weste winde waai...

*Weerburo meld ongewone omstandighede as oorsaak*

**EDUAN TRUTER**

16 Oktober 2014 sal nog vir baie lank onthou word as die 'dag van die wind'. Teen 12:00 op daardie Donderdagmiddag het die lug rooi-donker verkleur en 'n vreemde dreungeluid het begin.

Dit was een van die ergste stofstorms nog ooit in die Vrystaat. Na berig word het winde van tot 80km/h gewaai en die stofstorms en wind het mettertyd uitgebrei tot sover as KwaZulu Natal.

Teen vroegaand is die stof en ysige wind tot sover as Gauteng ervaar en dit was al waaroor almal kon praat. Facebook en Twitter het oorgeloop van almal se kommentaar en fotos.

Volgens ooggetuies is dakplate gelig, bome ontwortel en nuutgewaste karre moes maar gou weer toustaan vir 'n volgende was.

By Grey en seker by alle skole in die stad, was skoolhou van 12:00 af 'n hopelose saak. Kinders het die vensters toegepak om na die ongewone verskynsel te kyk en baie mooi foto's is geneem.

Die weerburo het bevestig dat die sandstorm veroorsaak is deur 'n skielik-gelokaliseerde kolom dalende lug as gevolg van 'n klein intense afwaartse lugstroom, 'n situasie wat blykbaar baie selde voorkom.

Ten spyte van die stof het Grey se Stigtersdagvieringe voortgegaan. Na bewering het die gholfspelers verskeie indrukwekkende rekordafstande aangeteken. :-)

## Graffiti op banke verklap alles oor jou karakter en opvoeding

**IZAK ADENDORFF**

Een Grey-leerder kan 'n goeie daad verrig en sodoende ook eer aan sy skool bring. 'n Goeie daad is 'n teken van 'n goeie opvoeding, 'n sterk morele kompas en van die tipiese Grey Gentleman wat nie reëls nodig het om hom te sê hoe om himself te gedra nie. Dit is die tipe uitvoerproduk wat Grey Kollege graag wil loslaat in die wêreld om daar die merk te maak wat sy goeie agtergrond sal bevestig.

Maar die ideaal en die werklikheid verskil meestal drasties. Op presies dieselfde beginsel kan een Grey-leerder 'n slegte daad doen en skande aan sy skool bring. So 'n daad is waarskynlik 'n teken van 'n gebrekkige opvoeding, gebrek aan 'n morele kompas en iemand wat 'n bespotting maak van wat en wie die ideale Grey Gentleman is. Sulke mense vind 'n siek plesier daarin om sy swak karakter en gebrek aan respek vir enigiets uit te leef.

Sulke seuns is dié seuns wat graag vieslike woorde op banke en mure skryf; die seuns wat 'n ander mens vuil kan laat voel deur wat hulle op 'n skoolbank kan uitkrap. As jy nie van die onderwyser hou nie bevuil jy sommer die hele gesin met wat jy op die banke uitkrap.

Die bewyse is daar. 'n Speelse stukkie graffiti is een saak maar die vieslikheid wat deesdae op skoolbanke staan, verewig die persoon wat jy is. Is jy nou trots op jouself?

# Die proefbalans klop, die boeke is afgesluit en die meetsnoere val mooi

**JOHAN WILKEN**

Grey neem teen die einde van 2014 afskeid van een van sy beste beleggings ooit wanneer mev Benita Hancke finaal groet. Hierdie formidabele Rekeningkunde-onderwyseres spog met 25 jaar diens by Grey Kollege.

Mev Hancke het in Despatch gematrikuleer as hoofdogter van Hoërskool Despatch en het aan die UVS gestudeer. Hierdie joolfinalis het die liefde van haar lewe op universiteit ontmoet en is toe ook getroud met nou Regter Faan Hancke. Hulle is geseën met 3 seuns, 1 dogter en 7 kleinkinders.

Mev Hancke het lank skoolgehoul by verskeie skole maar soos sy dit stel *slaan ek toe die jackpot*, toe Dr Heyns, destydse skoolhoof, haar gevra om net uit te help by Grey. Die "uithelp" het toe 25 wonderlike jare word. Sy deel die volgende wyshede met Stabilis:

*Watter raad het Juffrou vir jong onderwysers?*
Leer eers self die liefde vir die vak en dra dit dan oor aan almal rondom jou.

*Is daar enige hoogtepunte wat uitstaan uit Juffrou se loopbaan by Grey?*
Die lekkerste gevoel is as leerders terugkom en kom dankie sê nadat hulle klaar studeer het.

Die lig in die oë van leerders wat 'n moeilike Rek. begrip baasgeraak het, is ook 'n onbeskryflike gevoel.

As leerders vir wie ek skoolgehou het op internasionale vlak erkenning kry, is ek so trots asof hulle my eie kinders is.

*Wat is die beste raad wat Juffrou nog van enige skoolhoof ontvang het?*
"Ruk jouself reg!" en "Jy is NIE die skoolhoof nie, al tree jy soms so op!!"

*Die mees komiese situasie wat Juffrou al in die klas beleef het?*
Ek wou seuns in 'n Engelse klas pakslae gee omdat hul huiswerk nie gedoen was nie. Ek sê toe: "Touch your toes and take off your trousers", menende dat hulle hul baadjies moet uittrek sodat ek hul ordentlik kan afstof! Die seuns ruk toe orent en sê: "Ma'am, you don't mean it, Ma'am!!!" Toe besef ek eers dat ek gesê het dat hulle hul broeke moet uittrek. Ons het so gelag dat ek toe nie die rottang kon oplig nie!"

*Wat beplan Juffrou alles vir die volgende 5 jaar van aftrede?*
Reis! Ek wil vreeslik graag verder reis. Ek stap die Camino de Santiago vanaf 15 April 2015 vir 6 weke saam met my oudste seun.

Ek beplan ook 'n reis op die Baltiese See na Rusland toe.

*Laastens, wat is Juffrou se boodskap vir die skool en sy leerlinge?*
Wees dankbaar vir elke dag en maak dit 'n sonskyndag. Hoe jy jou dag ervaar, is totaal afhanklik van jou eie ingesteldheid - so maak die positiewe keuse.



Dubbelbril juf Hancke - soos sy geken is. Foto: Johann Sonnekus





Hertz now offers preferential rates to everyone associated with Grey College.

Hertz travel advantages go a long way toward ensuring a carefree travel itinerary – whether on business or at leisure. Our reputation speaks for itself:

- World's largest car rental operation
- Prime airport and downtown locations in SA and abroad - over 7000 locations in over 140 countries
- Comprehensive up-to-date fleet, from luxury to runabout
- Door-to-door collection and delivery service
- 24-hour call centre for roadside assistance, information and emergencies
- Chauffeur drive service
- FlyDrive packages at highly competitive rates
- Hertz arranges specially adapted vehicles for physically challenged drivers, as well as baby car seats for our younger travellers

For your preferential Grey College rate go to **www.greycollege.co.za** and click on the Hertz logo or call **0861 600 136.**
Terms and conditions apply.

Hertz
#1 in car rental worldwide


## Plant a tree and preserve your heritage for generations

**GARY DYKMAN**

The grade 11e1 class realised a while ago that there is a need to plant more trees at Grey College. Many of the current trees are getting older and many trees have also died over the last couple of years.

Mr Dixie Dykman, Grade 11e1's register teacher supported the class when they decided to do something about the situation. They came up with a brilliant idea of buying trees and planting them in the lane between Grey College and Eunice.

Thirty spots were identified where trees should be planted. Mr Dykman ordered 30 indigenous *Celtis Africana* or White Stinkwood trees from mr Wade Roering, an old Grey who owns a nursery near Thaba Nchu.

The grade 11e1s could then either purchase trees for themselves or buy a tree together with a friend, thus sharing the cost. The exact spot and the names of the owner/s of each tree have been recorded in a register kept by Mr Dykman.

The boys thought that it would be a good idea to plant trees during their grade 11 year so that they can watch the development of their trees during their grade 12 year. If need be, some grade 8s could be convinced to help with the watering and general maintenance of the trees. This is much the same feeling as a proud parent watching a child grow and thrive.

Mr Mocke de Lange, terrain manager, provided invaluable assistance in making this huge project a reality. He orchestrated the digging and planting process of this amazing project.

People sometimes get lost along their way through life, but these trees will forever symbolise the memory of those people.

# Think before you tweet, you twit...

*Legal expert explains that the delete button cannot save you from idiocy*

**DYLAN BARNES**

Emma Sadleir, a lawyer and expert in social media law recently addressed the boys and parents on the dangers of social media. She said that many people are not aware of the risks inherent to social media and mentioned a few examples and safety measures.

Even something as seemingly innocent as Snapchat which erases messages immediately is not to be trusted.

Protect your identity and don't place any personal information on social media platforms. Identity thieves can use the slightest bit of information to steal your identity. Instagram states that your photos are private, but as soon as you use a filter the photo will be made public and information will be sent to another platform via Gmail. Your information is sold to advertisers and the next time you open Gmail, an advertisement will be waiting for you.

There are no 'take backs'. Once something has been sent, no matter how quickly you delete it, it has already been sent. Messages go viral within seconds and careless statements or photos can have a huge effect on the rest of your life.

All users of social media should also be aware that employers increasingly make use of these platforms to research potential employees. That drunken party where you were brave enough to pose in the nude, could hamper your chances of employment.

A photo can give away your geographical position. Ms Sadleir used the example of a soldier who took a selfie on the battlefield and posted it on social media without a second thought. The photo was used to determine the position of the soldier and his companions on the battlefield. Snapchat says all the photos and messages are private, yet they can be recovered through different hacks that can be downloaded on any regular phone from any app store.

Uviwe Ndenze in grade 9 says, "It's unbelievable that a company can just sell your information to advertisers so they can make more money." Ms Sadleir also easily hacked into the Facebook profiles of several learners and on a lighter note, told the boys that their posts deal only with biceps and body building – which is very boring. She also told learners to go easy on the hashtags - mostly because it looks stupid.

Don't befriend strangers; don't give your address or number to anyone you don't know and consider the risks of what you post.

Even private messages on Whatsapp can be recovered and used as evidence in court cases. Given the right expertise, every detail of your life can be brought into the open.

The golden rule of social media interaction is that your private life should remain just that - private. Statements made in the heat of the moment can come back and haunt you, so beware and use your brain before you post anything.



**Emma Sadleir and attorney Ulrich Roux. Photo: BJ Vorster**

## short news

### A sure-fire method to better intellect and ability

**VALERIO CIRELLI**

One of the very first extra mural activities since the beginning of time at Grey College has been debating. Teams consist of a number of highly talented and intelligent Grey boys. Grey has both an English and an Afrikaans debating society with both junior and senior teams.

Good, passionate debating has always impressed listeners, and this year was no exception. With their fluent speaking skills, the ability to think on their feet and respect for their opponents, the boys managed to beat even Grey College's fiercest rivals, Paarl Boys High and Paul Roos.

With Afrikaans debaters such as Julius Zerwick, Hardus Labuschagne, Vincent de Beer and Niel Bezuidenhout the group gave new meaning to the word 'debating'. In the ATKV finals, Julius Zerwick in Grade 12 represented Grey College for the senior team, while Chris Lowe in Grade 8 represented the junior team.

Grey College's debating societies are a thriving activity and once the bug has bitten, it is difficult to let go. Both the junior and senior deba-ters engage in weekly sessions which test and strengthen their higher level thinking skills and their logic - over and above the inherent speaking skills.

Chris Lowe said, "Debating is a platform for people to express and argue on daily problems in our society and educates the mind on ways to argue and rea-son." In the words of Archbishop Desmond Tutu, "Don't raise your voice, improve your argument."

# Juffrou Maretha loop baie diep spore

**EDUAN TRUTER**

Die oorspronklike Grey Lady moet groet. Juffrou Maretha Venter, doyenne van Afrikaans-onderrig by Grey moet haar bordkryt bêre maar haar nalatenskap sal voortbestaan.

Sy onderrig die afgelope 40 jaar Afrikaans Huistaal, Afrikaans Addisionele Taal sowel as Geskiedenis by Grey Kollege. Sy is een van vele Venters wat al by Grey skoolgehou het; haar broer mnr Flash Venter gee nog steeds Wiskunde by Grey. Toe juffrou Maretha gevra is wie haar gunsteling-persoon by Grey is, het sy glimlaggend gesê: "My broer het gesê ek moet sê dit is hy!"

Die geliefde juffrou sal onthou word as een van die Venters wat al diep spore by Grey getrap het. Toe sy gevra is om een van haar gunsteling oomblikke by Grey te noem was haar antwoord dat daar eenvoudig te veel was.

Sy het besluit om einde Januarie 2015 haar boeksak en rooi penne weg te pak en die tydperk van aftree, introspeksie en vrede waarvan almal droom met oorgawe aan te pak.

Juffrou Venter se moeitelose grasie en elegansie was 'n voorbeeld vir almal - haar kollegas, al die leerders wat in haar klasse was maar selfs ook dié wat nie eers by haar klas gehad het nie. Sy was deurgaans sonder pretensie, beheersd en 'n ongelooflike vriendin en kollega.

Een van haar huidige graad 12-leerders, C.F Marais sê: "Ek sal haar altyd spesifiek onthou as 'n vrou wat eerlik en opreg omgegee het vir die leerders voor haar, en as iemand met ongelooflike diepte en intelligensie."


Boyd Oosthuizen in graad 11 meen: "Wanneer ons soms nie ons werk gedoen het nie het sy baie ordentlik met ons gepraat. Ons het ook altyd die gevoel gehad dat sy ons as mense gesien en in ons belang gestel het en nie net gefokus was op akademie nie."

Grey groet hierdie legende, hierdie belese vrou, hierdie stylvolle vrou. Haar kollegas en vriende gaan haar geweldig mis en almal betreur die feit dat sy die skool moet verlaat. Dankie vir alles, juffrou Maretha. Grey gaan jou mis.



**Juffrou Maretha Venter gaan gemis word. Foto: Johann Sonnekus**

makro
BLOEMFONTEIN
Supports Grey College



## late news

### *Haute cuisine* at Hamilton Hall

**JACO VAN LOGGERENBERG**

One of the oldest traditions is conceivably the annual Hamilton Dinner. Hamilton Hall, designed by Sir Herber Baker, is a national heritage building which the hostel learners are privileged to use as their dining hall.

Every year in the fourth term staff members are invited by the grade 12 hostel learners to join the hostel boys and resident staff members for dinner.

This year the food was, as always, of *haute cuisine* quality and the boys could hardly wait for the teachers to be served so that they could then descend on the serving tables.

Mr Juan van den Berg said grace, after which two boys thanked the kitchen staff for their dedication and hard work. Eben von Gericke entertained the guests with a soulful rendition of a folk-type song.

This is a meaningful tradtion which serves to remind all guests and learners of the privileges they have at Grey.

## belangrike datums

**27 October:**
Grade 12 final exam starts
**3 November:**
Grade 8-11 exam starts
**10 December:**
School officially closes
**10 December:**
Reports may be fetched from school
**12 January:**
School starts for teachers
**14 January:**
School starts for learners

# Trusts belê in jong lewens

## *Jock Meiring en Bram Fischer sou trots wees*

**LUAN NEL**

Mnr Johan Volsteedt is aangestel as fondsinsamelaar vir die Grey trusts.

Die Bram Fischer Trust, in 1997 bekendgestel deur Nelson Mandela, samel fondse in vir belowende seuns van alle groepe vir wie dit andersins nie moontlik sou wees om aan Grey Kollege te studeer nie. Voordele van bydraes tot hierdie trust sluit BEE punte in.

Die Jock Meiring Trust streef na die opgradering van infrastruktuur by die skool asook die behoud van personeel. Die beheerliggaam identifiseer projekte en voorsien die Trust dan van 'n prioriteitslys. Voordele van bydraes tot hierdie trust sluit in belastingkorting (Art 18a). Die eerste twee projekte is reeds suksesvol afgehandel.

Die sandsteenafwerking van die nasionale gedenkwaardige geboue by Grey is besig om te verweer. Ten einde hierdie erfenis vir die nageslag te bewaar word nagenoeg R5 miljoen beraam, waarvan R1 miljoen die huur van steierwerk sal insluit.

Deur as oud-Grey, ouer of ondersteuner betrokke te raak, word verseker dat die erfenis behoue sal bly en dat Grey Kollege die vooruitstrewende skool bly wat dit vandag is.

Mnr Volsteedt doen 'n vriendelike beroep op belangstellendes om die trusts te ondersteun. Persone wat as strategiese vennote betrokke wil raak, is welkom om met hom in verbinding te tree ten einde moontlike opsies en voordele te bespreek.

Verdere inligting in hierdie verband is beskikbaar op die webwerf, www.greycollege.com.


**Steierwerke vir restourasie voor Brill-huis.** **Foto: James Braude**

# Leerders ontdek hulle plek in die samelewing

**LUAN NEL**

Die ATKV-Jeugberaad het op 7-10 Julie 2014 by Buffelspoort naby Rustenburg plaasgevind. Vier Graad 11-leerders is geïdentifiseer as opinievormers met die potensiaal om 'n verskil te maak. Johan Griesel, Luan Nel, Louis Schoonwinkel en Willem Strydom was bevoorreg om Grey Kollege op die beraad te verteenwoordig. Die tema van die Jeugberaad was "Kom ontdek jou plek!".

Aktuele sake soos die politiek, ekonomie, tegnologie en die samelewing wat tieners raak is bespreek. Spreker mnr MC Engelbrecht het 'n beroep op leerders gedoen om betrokke te raak in die samelewing en Prof Marius Botha het kwessies oor onderwys hanteer, soos bv dat in slegs ongeveer 2 400 skole uit 'n moontlike 24 000 skole, produktiewe onderrig plaasvind.

Politieke-ontleder dr Piet Croucamp het kwessies rondom politiek hanteer, terwyl die direkteur en hoof-ekonoom van die Efficient Groep, Dawie Roodt, leerders 'n kykie gegee het in die huidige ekonomiese situasie van ons land.

Mnr Gielie Hoffman, 'n lewensafrigter het persone soos die sanger Bouwer Bosch, die UV-rektor Prof Jonathan Jansen en die voormalige hoof-uitvoerende beampte van FNB, Michael Jordaan as leierskap-rolmodelle aan die jeug voorgehou.

Die skerpsinnige Piet Matipa, bekroonde joernalis van Beeld, het leerders vasgenael gehou. Hy het die waarde van die media beklemtoon maar terselfdertyd ook gewaarsku het dat die media inderdaad ook 'n wolf in skaapklere kan wees. Sy boodskap aan vandag se jongmense was om waarlik vry te wees.

Supporter of Grey College
FNB
First National Bank
How can we help you?

Coca-Cola Fortune (Pty) Ltd
Supports Grey College Sport
live on the Coke side of life

PROFILE

# Where in the world is... Ryan Eric Lamb

**GARY DYKMAN**

Ryan matriculated in 2006. During his final years at Grey he started writing poetry, encouraged by his English teacher, mrs Roos. This directly led to his involvement with the International Association for Poetry and Solidarity. Ryan states that if she had not encouraged him he may never have been exposed to the international forums and events, which all had a substantial influence on his life. He played hockey for the 3rds, and in matric, was captain of the team.

He joined Stabilis in grade 9 and in his final year, was chief editor. He was a prefect; the Dux Scholar and received the Faure prize for the highest academic and cultural achievements at Grey. He started studying towards a BSc Physics and Management degree at UFS in 2008. During that year he was invited to represent South Africa by delivering a speech at the World Youth Forum held in Trieste, Italy. His work was published in their international poetry anthology and further international publications of his poetry later followed.

In 2009 his poetry was presented at the Literature as Activism Festival in Croatia. In 2011 he completed his B.Med.Sc Honours in Medical Physics at the UFS. He was awarded the Senate Medal for the best bachelor degree student as well as two faculty Dean's Medals. During 2011 he was also selected to partake in the International Student Festival in Trondheim, Norway and he was selected as an Abe Bailey Bursar.

In 2012 he started his two-year internship in Medical Physics in Bloemfontein and he worked in Nuclear Medicine, Diagnostic Radiology and Radiotherapy. During his internship, Ryan received the overall best presentation award at the national Medical Physics congress. He received his registration as a Medical Physicist in December 2013, and started working in Radiation Oncology. Earlier this year he was awarded a Skye Foundation scholarship to pursue postgraduate study overseas and he is currently studying at University College London, for an MSc Physics and Engineering in Medicine degree.


**Ryan Lamb, eternal student.** **Photo: Supplied**

# Musiekfees was 'n fees van vuur

## *Vlammeskouspel verhelder die aand en laat weer die gees warm brand*



**Nuwe- en oud-Grey talent saam op die Sand du Plessisteater se verhoog.** **Foto: Verskaf**

**DANIëL VON ESCHWEGE**

Na die interskole-naweek teen Paul Roos het die volgende marathon Grey getref: die Musiekfees.

Dié marathonweek se geswoeg in die Sand met repetisies vroeg-oggend tot laataand, asook die jaar se harde werk deur al die musiekgroepe, Gumboot dansers en hulle afrigters was die moeite werd.

'n Skouspel van vuurwerke het hierdie jaar se Musiekfees gekenmerk. Gepas tot hierdie vlamme-tema het die Grey-koor o.l.v me Joanie Prinsloo en mnr Dana Cilliers dadelik vlamgevat en elk van die vier vertonings geopen met *Let It Burn*. Indomitus, saam met die Marimbas en Drumline het die eerste helfte vurig afgesluit met *Things We Lost in the Fire*. Die solo's deur Arno de Wet saam met Oud-Grey Corneil Müller was begelei deur vuur wat hoog en veelkleurig opgevlam het.

Die Boere-orkeste was soos altyd uitstekend en Arno de Wet se skitter-vertolking van *Summer of '69*, opgevoer saam met die Grey Ensemble van me Celeste Venter was 'n treffer.

Die aand is verder verryk deur die bydraes van Klopjag; Nadine en die meisies van Oranje.

Die jaarlikse hoogtepunt is altyd wanneer die gordyn vir die laaste items lig, en die toeskouers die see van 1000 streep-baadjies aanskou. 'n Hele skool seuns tree dan op as 'n eenheid, begelei deur 'n simfonie-orkes.

Daarom was dit ook toepaslik dat die stukke wat die massakoor gesing het, amper uitsluitlik deur Oud-Greys geskryf of verwerk is: bv. Oud-Grey Steve Hofmeyr wat Kaapse Draai geskryf het, asook Oud-Greys Stephan Bezuidenhout en Willem Oosthuysen wat die meeste massakoor-stukke verwerk het - en dan boonop gesing deur Oud-Grey Corneil Müller saam met die hele Grey Kollege massakoor.

Om dié unieke All-Grey vertoning hierdie jaar nog verder te vervolmaak, het - vir die eerste keer ooit - 'n Grey-matriekseun die hele skool en orkes gedirigeer. Nadat Paul Loeb van Zuilenburg die viool-solo van *Grey in Union* gespeel het, het hy die leisels by me Prinsloo oorgeneem en die Grey-Massakoor verder gedirigeer.

## staccato



### Grey-tjellis maak wêreldwyd naam

**ANDRé BELLINGAN**

Chris van Zyl, 'n graad 11-leerder van Grey, speel al van 7-jarige ouderdom die tjello. Hy word vandat hy begin speel het, deur mnr Michael Haller afgerig en kry nog steeds by hom les.

Chris het onlangs in die "International Conservatory Week" in Rusland, deelgeneem. Die UV was een van tien universiteite in die wêreld wat genooi was na die week. Chris was die enigste skolier by die week en het saam met wêreldberoemde tjelliste gespeel. Hy het ook by ander wêreldbekende tjelliste in Frankryk en Spanje les gekry terwyl hy daar was. "Ek het ongelooflik baie geleer toe ek daar was. Dit was 'n onbeskryflike belewenis," meen Chris oor sy besoek aan die buiteland.

Chris het in vanjaar se Eisteddfod 'n ongelooflike vier A++ en twee A+ ontvang. Dit is duidelik dat Chris van Zyl 'n uiters talentvolle tjellis is wat dopgehou moet word.

Hy is tans besig om te oefen vir sy volgende optrede, die Elgar Concerto, saam met die Vrystaatse Jeug-simfonie-orkes.

"Dit is elke keer vir my 'n voorreg om saam met Chris en die Grey ensemble op te tree," sê me Celeste Venter.

## Leerders plaas Grey drama weer terug op die planke

**ANDRé BELLINGAN**

Die Grey dramagroep wat by me Petro Muller se dramaskool ingeskakel het, het hierdie jaar suksesvolle optredes gehad.

Die groep bestaan uit Hardus Labuschagné, Julius Zerwick, Vincent de Beer, Hederick Prinsloo, Paul Loeb van Zuilenberg en Arno de Wet, almal in graad 12 en Nico Prinsloo in graad 10.

Die seuns het saam met 'n aantal Eunice- en Oranje-meisies opgetree. Paul was die mede-regisseur vir die groep.

Die groep is deur me Petro Müller afgerig. Me Muller is baie bekend in die Grey kultuurkring, veral omdat sy jaarliks die regie van die Grey Musiekfees hanteer. Die dramagroep het in Julie aan die Reza de Wet-kompetisie tydens die jaarlikse Vryfees in Bloemfontein deelgeneem.

Vir die meeste van die seuns wat in die groep was, was die optrede tydens die Vryfees hul eerste keer wat hul op die verhoog opgetree het. Hulle het 'n oorvol gehoor getrek met die stuk, *Kyk na My*, en na die vertoning was die kommentaar van die gehoor baie positief, wat die leerders nog verder aangespoor het.

Me van Wyk meen dat dit jammer is dat die stuk nie vir die skool en die personeel opgevoer kon word nie, maar die besige kwartaal het dit onmoontlik gemaak.

Hulle het in die ATKV Tienertoneel uitstekend gevaar en 'n goue medalje vir hulle ensemble-spel verower. Hulle het ook 'n goue toekenning vir regie en assistent-regie ontvang. Die groep het ook 'n silwer medalje vir teks en kostuums ontvang.

"Dit was 'n onvergeetlike ervaring om met die groep mense te werk en te kan optree. Ons is almal baie tevrede met die uitslae wat ons gekry," aldus Hardus Labuschagné, lid van die groep. "Dit is *great* om in 'n groep so iets te vermag en die hernuwing sal voortleef."



**Geen divas in dié groep nie.** **Foto: BJ Vorster**

HOBBIT
BOUTIQUE HOTEL
ESTABLISHED 1993
★★★★

SPESIALE NAWEEKAANBOD
R600 per kamer per nag. Ontbyt ingesluit.



Jannie van der Westhuizen (Oud-Grey)
TEL / FAX (051) 447 0663
CELL 083 324 8099
info@hobbit.co.za · www.hobbit.co.za
19 PRESIDENT STEYN AVE · WESTDENE · BLOEMFONTEIN




## Lesse te leer uit die verlede

In die derde kwartaal kon die magtige Grey Kollege sy spiere bult en wys wat in hom steek. Met interskole-uitslae wat oor die algemeen as hoogs suksesvol beskou kan word en 'n Musiekfees wat weereens die gehoor in vervoering gehad het, het ons weer gewys waarom ons in Julie verlede jaar deur die *African Economist* as die beste skool op die kontinent aangewys is.

Die onlangse eerste hokkiespan-wedstryde se uitslae was soms teleurstellend en met slegs een interskole-sege in die Paarl, is vrae gevra en vingers gewys.

Maar daar is altyd 'n silwer randjie om die donker wolk. Die Bloemfontein-liga is weereens in die sakkie, en met 'n hele aantal graad 10- en selfs graad 9-leerders wat vanjaar die eerstespantrui oor hul koppe getrek het, is daar baie potensiaal. Die "vars uit die laerskool" o/14-groep het ook beïndruk en 'Grey guts' gewys.


Daar kan ook talle positiewes vanuit die res van die kwartaal se sportuitslae gehaal word. Die eerste rugbyspan het weereens bo-aan die lys van skolespanne uit die stryd getree.

Die bergfietsspan het die piek van die berg bereik nadat hul vir Paul Roos 'n les geleer het en hulself as die beste in die land gevestig het. Grey is ook, ten spyte van die feit dat die eerste tennisspan vanjaar die aftog moes blaas teen Affies en Paul Roos, deur SA skoletennis as die beste seuns-tennisskool in die land aangewys.

Net so kan daar ook optimisties (of pessimisties) na die toekoms gekyk word. Die matrieks staar die einde in die gesig en is reeds besig om moed en hulpbronne bymekaar te skraap om die wêreld aan te pak. Rekordeksamens is reeds afgehandel en met die eindeksamen wat voorlê, bereik akademiese betrokkenheid 'n hoogtepunt.

Daar word 'n beroep gedoen op die huidige graad 11's... staan gereed om die stuur van die skool oor te neem en om die eerste treë vir 2015 neer te lê.

Die tyd het aangebreek vir die voorry om saam te trek en die bal finaal oor die doellyn te dryf voor die eindfluitjie op 2014 blaas. Die vierde kwartaal lê voor en die bal is in ons hande. "Use it, or lose it."




## Gentlemanly pride in Alma Mater evident




***Dear Sir***

Recently I've been feeling a good vibe at school. Firstly, the Music Festival was a huge success, it was truly spectacular.

Our esteemed school newspaper, Stabilis, maintained its position amongst the top 5 school newspapers in the country.

Our third hockey team was unbeaten in inter-schools for the first time ever. The first rugby team ended the season as the highest ranked in South Africa.

Grey tennis has been ranked the best in the country - a sign of great things to come.

I do also believe that in general things are really looking up. The "gees" in the Hall was unbelievable before the Paul Roos weekend.

The prefect leadership training course for 2015 is going well and I am sure that all participants realise the responsibility implied. It seems that another successful year is waiting for us in 2015.

I believe that the current grade 12s can be elated with the progress made throughout the year and the grade 11s have a firm base to work from.

In the words of Sir George Grey: "May the College ever train noble citizens."

***Proud gentleman***

# 'Six Tabs' saam met 'n legende

## *Juffrou Truana Cilliers deel die lief en leed van 40 jaar by Grey Kollege*






GUNSTELINGE

KOS? Braaivleis.
KOELDRANK? Tab
STOKPERDJIE? Was om tennis te speel, voor my hand geopereer is.
TV PROGRAM? Sport
LIEDJIE? The French Song – Marlene Dietrich
SPORTMAN? Natuurlik Roger Federer

**Louis Schoonwinkel deel juf Truana se liefde vir TAB met haar.** **Foto: Johann Sonnekus**

**LOUIS SCHOONWINKEL**

*Wat is Juffrou se grootste passie in die lewe?*
Diere, veral my twee katte en om by my sussie te gaan kuier op die plaas.

*In watter jaar het Juffrou by Grey begin skoolhou?*
Ek het in 1975 by Grey begin skoolhou – nou reeds vir 40 jaar.

*Wat is 'n hoogtepunt wat vir Juffrou oor die afgelope 40 jaar by Grey uitstaan?*
My 60ste verjaarsdag saam met die Grey damespersoneel en vriendinne in die Pawiljoen, ook toe meer as die helfte van my matriekklas onderskeidings gekry het.

*Wat het Juffrou laat besluit om so lank by Grey aan te bly?*
Dit was net vir my so lekker en die feit dat ek slegs Wiskunde kon gee en nie Skeinat ook nie, wat ek dalk by ander skole sou moes doen.

*Hoe voel dit om deur 40 jaar se oud-Greys geken te wees?*
Ek is bevoorreg. Dit laat jou 'klein' voel.

*Stoutste seun wat by Juffrou klas gehad het:*
Nee man, 'n mens onthou nie so iets nie.

*Enige grappige herinneringe?*
Toe die seuns my tennis-"posters" onderstebo gedraai het en gesê het: "Juffrou sal sien, hul rokke moet een of ander tyd afsak."

*Wat gaan Juffrou die meeste mis by Grey?*
Vriendskap van die Grey-personeel oor die 40 jaar en ook dié van die Grey-seuns.

*Enige raad aan jong onderwysers wat 'n pos by Grey oorweeg of wat reeds aangestel is?*
Maak altyd tyd vir jou vriende.

Redaksielys 2014

**KERNREDAKSIE**
**Hoofredakteur:** Louis Schoonwinkel
**Subredakteur: Nuus** Luan Nel
**Subredakteur: Sport** Frans-Hendrik Badenhorst
**Subredakteur: Diepte** Matthew Barnard
**Subredakteur: Joernaal** Johan Griesel
**Subredakteur: Kultuur** André Bellingan
**Hooffotograaf:** Johan Sonnekus

**NUUSREDAKSIE**
Jaco van Loggerenberg
Dylan Barnes, Gary Dykman
Albert Potgieter, Johan Wilken
Eduan Truter, Izak Adendorff
Valerio Cirelli

**SPORTREDAKSIE**
Christopher Schreuder
Hugo Richter, Wian Mouton
Etienne Erasmus, Ebert Wohlitz
Hanru Bührmann, Philip Pretorius
Christopher Lowe

**DIEPTEREDAKSIE**
Keo Matshele, Jorge Gomes
Andries Mulder, Kolbé Kolver
Dapper de Wet, Carel Greyling

**KULTUURREDAKSIE**
Daniel von Eschwege

**JOERNAALREDAKSIE**
Ethan de Witt

**KUNSTENAARS**
Kent Campbell, Dian Beukes

**FOTOGRAWE**
BJ Vorster
Bremer Visser
Frans-Hendrik Badenhorst
James Braude

# Traditions of the school hold steadfast

**JORGE GOMES**

This year Grey College celebrates its 159th year of existence. It is expected that a school that has successfully existed for so long boasts many traditions. These traditions include the famous 'Coke and Doughnut' on the school's birthday; the Grey shake; the fact that only matrics may walk on the grass and many other examples. To find out what traditions are and what they mean to them, a number of Grey learners spoke to Stabilis.

According to a grade 11 learner, traditions are what maintain our legacy, "The things that remind us of what we were 50 years ago." Many learners had similar thoughts on what tradition is at Grey. When asked why we have traditions at Grey, another learner responded, "Traditions are old ways of doing things that people hold on to, they mean nothing." This opinion seemed to be rather unique among the Grey boys but it did lead to a new question, "Does Grey need its traditions?"

When posed this question, the boys of Grey College suddenly had a lot more to say. Some observations were that traditions help connect us with those who came before us, the history and origin of some of these long-standing traditions and probably most importantly, that it helps unite the learners who are still at Grey. Others believe that Grey's code of conduct is what matters, and that being well-mannered and respectful are more important than upholding traditions.

One fact, however, stands out very clearly: not a single boy among all the Grey boys could be found who does not like 'Coke and doughnuts'!



**Leerders ontduik maklik die sisteem deur by enige klas in te skandeer.** **Foto: Johann Sonnekus**

# Druk jou biometriese stempel af

## *Vingerafdruksisteem hou vinger op pols van afwesighede en klasbywoning*

**ANDRIES MULDER**

Die vingerafdruk is die unieke merk van elke persoon en niemand in die wereld het dieselfde afdruk nie.

Elke leerder by Grey Kollege wil graag sy stempel en nalatenskap by die skool agterlaat. Nou kry elke leerder daagliks die kans om sy stempel en afdruk in elke klaskamer agter te laat.

Dit het onder die onderwysers se aandag gekom dat daar baie seuns is wat afwesig is gedurende skoolure. Daarom het Grey dit goed gedink om ongeveer R 150 000 te spandeer op 'n sisteem wat hiermee kan help. Volgens mnr Scheepers probeer Grey Kollege nie net in pas bly met moderne tegnologie nie, maar beskou sy belangrikste kliënte, naamlik die 1200 Grey seuns se dissipline, veiligheid, en veral die noodsaaklikheid van klasbywoning as die hoogste prioriteit ten einde 'n effektiewe skoolopvoeding aan die kinders te gee.

Die nuwe vingerafdruksisteem hou verskeie voordele in: afwesighede word vinniger en meer effektief bepaal en ouers word onmiddelik in kennis gestel indien hul seun nie in die klaskamer is nie. Derhalwe neem klasbywoning drasties toe.

'n Hele aantal ouers is verbaas, selfs geskok indien hul 'n sms ontvang wat hul meedeel dat hul seun nie in die klaskamer is nie. Mnr Scheepers noem ook dat daar al verskeie gevalle was waar ouers onder die indruk is dat hul seun wel by die skool is en dit dan nie die geval is nie.

Daar is gemengde gevoelens by ouers, leerders asook onderwysers oor die nuwe sisteem. Die meeste leerders voel dat die sisteem 'n "mors van tyd" en "irritasie" is, maar die belang van die skool word egter eerste gestel. Daarom is die proses om in te skandeer deesdae niks meer as roetine nie. Die ernstigheid van opvoeding seëvier.

Die implimentering van die vingerafdruksisteem is 'n groot stap vir die toekoms van Grey en die welstand van akademie en klasbywoning. Soos elke leerder streef om sy stempel op Grey af te druk, sal die vingerafdruksisteem hopenlik ook sy stempel op Grey se akademiese prestasie afdruk.

# Dramatiese verweer word aangespreek

**EBERT WOHLITZ**

Grey Kollege beplan om binne die volgende jaar of twee klaar te wees met twee projekte, naamlik die sandsteen- en die laboratorium-projek.

Die sandsteenprojek se doel is om al die nasionale gedenkwaardighede van die skool op te knap en te restoureer. Die beplande koste vir die sandsteenprojek is R3 770 600. Die sandsteenprojek is op tender uitgesit en tenders is reeds terug ontvang en toegeken. Die verfwerk sal deur Rudicon, 'n bekende restourasie en konstruksie maatskappy, gedoen word.

Die laboratoriumprojek is 'n groot projek wat te doen het met die uitbreiding van die wetenskap gebou om voorsiening te maak vir al die wetenskap onderwysers in een blok en om die skool se laboratoriums op te gradeer en in te rig vir moderne wetenskap onderrig.

Daar word, behalwe vir die laboratoriums, ook beplan om bykomende kantoorfasiliteite te ontwikkel. Die aanbouings vind plaas aan die suid-westelike gedeelte van die skoolgeboue en volgens mnr Johan Human behoort dit minimale steurings vir die skool te veroorsaak.

Die nuwe laboratoriums verskil baie van die huidige fasiliteite. Die laboratoruim-spasie word so ingespan dat uitbreiding na 'n tegnologies-geïntegreerde praktiese omgewing makliker geskep kan word. Sodoende sal rekenaars en verskeie sensors gebruik kan word in 'n praktiese sessie.

Die laboratoriums se ouditorium gedeeltes sal ook geskei kan word van die laboratoriums om byvoorbeeld te dien as 'n lokaal vir spesiale lesings of demonstrasies. Praktiese vaardighede wat deur die department van onderwys ingestel en gekontroleer word, kan veiliger en meer effektief ontwikkel word. Verder kan praktiese sessies wat met verskillende klasse herhaal word gedurende die dag, ook opgestel gelaat word in die laboratorium terwyl ander klasse gedurende die dag in die ouditorium gedeeltes hanteer word. Die beplande koste vir die projek is R3 814 600.

Die Jock Meiring Trust het R850 000 per projek bewillig as hulle bydrae tot die skool. Die res van die geld gaan uit die reserwes van die skool befonds word wat oor die jare opgebou is.

Die sandsteenprojek sal tydens vanjaar se reünie ook bemark word vir bydrae.




**Tekens van die tye op die sandsteen.** **Foto: James Braude**

# Groepeer leerders vir beter uitslae

**KOLBé KOLVER**

Wat sou gebeur as leerders kon skoolgaan volgens persentasie; as al die akademies-gevorderde leerders in een klas gegroepeer kon wees en die wat nie so goed presteer nie in ander klasse gegroepeer kon wees?

Amerika gebruik 'n sisteem genaamd *'tracking'* waavolgens die top akademiese presteerders in een klas sit en die res wat nie so goed doen nie, in n ander klas. Die top presteerders het beter gedoen omdat daar nie meer kinders was wat hul teruggehou het nie; hulle kon vinniger die werk behandel en die kompetisie van kinders onder mekaar het punte ook verbeter.

Die vraag is nou of hierdie stelsel suksesvol sou wees indien dit by Grey geïmplementeer moes word. Stabilis het met Carel Greyling in graad 8 gepraat en hy meen: "Dit sal 'n goeie ding wees want dan sal die onderwysers kan fokus op die ondergemiddelde akademiese presteerders en sal verrykende leermateriaal bied wat bo-gemiddelde presteerders se nuuskierigheid kan prikkel."

Daar is reeds skole in Suid-Afrika, soos bv. Newton Primêr, wat dubbel-medium klasse aanbied asook verrykings-wiskundeklasse vir akademiese presteerders sodat hulle ook 'n uitdaging het wat akademie betref. Die geheim bly gehalte onderwys, hoe leerders daardie beskikbare klastyd gebruik en hoeveel die leerders saamwerk.

**Rekeningkunde Ekstra Klasse / Accounting Extra Classes**

- Graad 8-12 / Grade 8-12
- Voorgraadse Rek / Undercraduate Acc

Deandra Nel CA(SA)
072 110 3025
deandranel@gmail.com

# Onderwys is die wapen tot 'n suksesvolle Suid-Afrika

**CAREL GREYLING**

Oud-President Nelson Mandela het gesê: *"Education is the most powerful weapon which you can use to change the world."* Dit is nie die wapen nie maar die hande wat die wapen vashou wat sukses of mislukking bepaal. So is dit ook met die Suid-Afrikaanse ondewysstelsel se nuwe beleid die Kurrikulum- en Assesseringsbeleid Verklaring of die algemene Engelse afkorting, 'CAPS'.

Volgens mnr Els, akademiese hoof, slaag die CAPS dokument goed daarin om standaarde oor die land te standaardiseer en help dit baie om veral kinders, wat van provinsie of skool verhuis, om nie "leemtes" te hê nie, omdat dit ten doel stel om skole teen dieselfde pas te laat werk.

By Grey Kollege poog die onderwysers om binne die raamwerk van die sillabus kritiese denke te stimuleer en ontwikkel. Mnr Els voel dat swak matriekuitslae by ander faktore gesoek moet word.

Die statistieke/syfers vertel 'n ander storie: 20% van die land se begroting gaan aan onderwys (van die hoogste ter wêreld). Op die 'World Economics Competitive Index' (2012-2013) lê SA 140ste uit 144 lande en op dieselfde indeks lê SA 143ste uit 144 lande vir wiskunde en wetenskap prestasie.

Slegs 44% van 2001 se graad 1's het in 2012 matriek geskryf en slegs 12% van dié 44% het universiteitstoelating gekry.

Die hande wat hierdie wapen van onderrig vashou moet passie, dissipline, betrokkenheid en integriteit hê. Dié hande verwys nie net na dié van die onderwysers nie, maar wel na alle rolspelers wat op enige wyse insette wil en kan lewer in die tameletjie wat onderwys in Suid-Afrika nou geword het.



**Florence Meiring was the wife of "Jock" Murray Meiring, a former headmaster at Grey. Photo: Archive**

# Perhaps a not-so-real Grey Lady...

## *Florence Meiring was the first of many legendary hostel matrons*

**KEO MATSHELE**

It is widely believed amongst hostel boys that Florence Meiring is the popular phantom known as 'The Grey Lady'.

She is falsely believed to have been a nurse in the hostels and to have died in a fire at Leith house. But this actually never happened. She was in fact the wife of the legendary headmaster "Jock" Murray Meiring.

They married in 1919, and were teachers at Piketberg before arriving at Grey in 1922 after the appointment of mr Meiring as headmaster. She was only 28 when she arrived at Grey College, and unfortunately passed away around a year or so before mr Meiring retired in 1948.

She is said to have been loved by all of Grey and was by reputation a placid lady. Regarding the ghostly stories of 'The Grey Lady', there are other long-serving ladies with strong characters who may have played a part in the ongoing Grey Lady saga.

The first of the three is ms Erna Westphal who was primary school teacher for 30 years from 1927 to 1957, the second is ms Louise "Kous" Marquard who also taught at the primary school from 1923 to 1951.

The third potential Grey Lady was mrs Teitge who was affectionately known as "Ouma", as she was Brill House matron from 1927-1949. She retired at the age of 75 and as most of the ghostly stories originate from Brill House, she is believed to have returned "home".

The origins of the ghostly stories of Brill House may date back to the German Language teacher, and Brill House housemaster, mr BIS Beukman, also known as "Master Spook". He was famous for walking around the hostel in complete darkness with nothing but a torch light, long after lights-out to carry out inspections to see if the boys were in bed.

There have been, and still are, many teachers who have had long careers here at Grey. These teachers usually develop fond relationships with the students and particularly Old Greys they were associated with.

Mr Edwin Grant, a member of the school Reunie, says "I was in primary school when Jock Meiring was principal and I have high regard for mr Meiring. I believe the true story of Florence Meiring had to be told."

Hostel matrons play an important role in any hostel boy's life, especially for the grade 8 boarders, who, some for the first time, experience anxiety and sadness in being away from home.

In times of illness, sadness and tragedy the Grey boy finds comfort by the consoling presence of his hostel matron. They become guardian mothers to hostel learners, especially to those whose parents live far from Bloemfontein and therefore can't go home as often as other boarders.

If a hostel boy falls ill, she is the one who takes him to the docter; if a hostel boy's room is not neat, she is the one who chastises him. Therefore it is not uncommon for some hostel matrons to become true Grey legends

In view of all the above, let us respect and maintain the mystery of the Grey Lady.







# Vlugtelinge vind heenkome in Ladybrand

**DAPPER DE WET**

In Augustus was daar 'n mislukte poging tot 'n staatsgreep in Lesotho nadat die Eerste Minister, Thomas Thabane, die hoof van die Weermag, Luitenant Generaal Tlali Komali, afgedank het. Komali het geweier om sy pos te ontruim. 'n Dag na Komali se afdanking was daar geweldadige aanvalle op verskeie polisiestasies in Lesotho deur die weermag. Polisiestasies was gesluit en onbeman gewees vir 'n kort tydperk. Slegs een persoon is dood in die aanvalle.

Uit vrees vir hul lewens het ongeveer 87 Lesotho burgers, waarvan meeste lede van Lesotho Polisie, na Ladybrand gevlug vir veiligheid. Die persone is gehuisves in die gemeenskapsaal te Ladybrand waar daar in hul daaglikse behoeftes voorsien is. Die Mantsopa plaaslike munisipaliteit het 'n groot rol in dié verband gespeel. Die laaste vlugtelinge is op 17 September 2014 terug na Lesotho .

Thabane se versoek aan President Zuma om Suid-Afrikaanse soldate in Lesotho te ontplooi, is geweier en daar is voorgestel dat die geskille eerder met onderhandelinge besleg moet word.

Verskeie onderhandelinge het toe plaasgevind tussen die Lesotho regering en ander regerings-organisasies.

Tydens 'n noodberaad wat deur President Zuma gelei is, is 'n besluit geneem dat die parlement wat gedurende Junie deur die Eerste Minister Thabane opgeskort is, heropen sal word sodat 'n vroeër verkiesingsdatum vir Lesotho vasgestel kan word. 'n Nasionale verkiesing behoort 'n oplossing vir Lesotho se probleme te wees.

Volgens Kukutla Motlojoa, graad 11 leerling afkomstig van Lesotho, is die omstandighede weer stabiel. Hy twyfel of die verkiesing enige verskil sal maak aangesien daar nie sekerheid is wie aan bewind sal wees na afloop van die verkiesing nie.

Geweld is duidelik nie 'n oplossing vir die probleme nie; dit moet eerder op 'n demokratiese wyse opgelos word.




**Lesotho weermaglede is gereed vir onrus. Foto: Verskaf**

# Reünie - is dit 'n geleentheid vir introspeksie oor die etos van Grey?

*Die funksie moet gesien word as veel meer as net 'n kuier met ou vriende*




Reünies is 'n universele fenomeen in veral die moderne Westerse wêreld. Skole, universiteite en selfs weermaggroepe maak 'n punt daarvan om oud-kamerade die geleentheid te gee om van tyd tot tyd te herenig. Skole in Suid-Afrika hou meestal tienjaarlikse reünies, maar Grey reünies vind elke vyf jaar plaas.

Reünies by Grey dui op hegte bande wat op skool gesmee is, waarvan die belangrikste dalk die verbintenis tussen oud-skoliere en die skool self is. Grey Kollege is méér as 'n skool – dit is 'n wordingsplek van mense wat die samelewing vul, verryk en ophef.

Hierdie wordingsplek het sedert sy ontstaan op 13 Oktober 1855 'n karakter van sy eie ontwikkel. Huidige Grey-leerders is binne 'n jaar of vier almal oud-Greys en reünies sal ook 'n integrale deel van ons lewens gaan vorm. Dit is dit nodig dat ons besin oor gereelde herenigings en oor die waarde van die reünies.

Goed en wel, dit is 'n geleentheid om ou vriende te sien, om baldadig lekker te kuier en nostalgies te raak oor dit wat nou ver in die verlede lê. Maar is dit al waaroor hierdie jaarlikse gebeurtenis gaan?

As oud-Grey moet elke reünieganger homself afvra oor die motivering vir sy besluit om die reünie by te woon. Indien jy gaan uit nuuskierigheid, spog-sug of opportunistiese redes, handhaaf jy nie meer die etos van Grey nie.

Almal het tot 'n mindere of meerdere mate hulle suksesverhale, anders sou hulle waarskynlik nie die reünie bygewoon het nie. Dit is 'n kuns om subtiel in 'n gesprek tog te spog oor jou slim kinders en jou finansiële suksesse.

Maar miskien is daar beter opsies. Gebruik die reünie as geleentheid tot introspeksie om jou lewe te meet aan dit waarvoor Grey Kollege staan – stabiliteit, eerbaarheid en lojaliteit. As jy gaan, gebruik die volgende as 'n metingsproses voor jy gaan: hoe het my interpersoonlike verhoudings, my geloof en my medemenslikheid verander sedert my laaste reünie?

Kan ek na die reünie gaan en tevrede voel dat ek steeds ná 10, 20, of selfs 50 jaar, die waardes van Grey Kollege handhaaf?

Indien dit die geval is: "Welkom by die ware 2014 Grey Reünie, *gentlemen*."

## Floodgates open for movie version of Noah's trials and tribulations

*Genre: Adventure Drama*
*Director: Darren Aronofsky*
*Rating: 6/10*

**ETHAN DE WITT**

'Noah' is an American movie, derived from the well-known Biblical story of Noah's Ark from the Book of Genesis.

The main character, Noah, is portrayed by the 'Academy Award Best Actor' winner, Russel Crowe. Other characters include Ham, Shem and Japheth – Noah's sons – Anthony Hopkins as Methuselah, Noah's grandfather and Jennifer Connelly as Naameh, Noah's wife. Ila, a lone survivor adopted by Noah is portrayed by Emma Watson and Ham, one of Noah's sons is portrayed by Logan Lerman.

The plot of the movie follows the Biblical storyline of Noah being ordered by the Creator to build the Ark. The "Watchers", fallen angels contained on earth as stone golems, offer refuge to Noah and his family as they flee from Tubal-cain. Throughout the movie, Tubal-cain is the nemesis of Noah, the proverbial thorn in his side.

The president of the 'National Religious Broadcasters' stated that 'the Noah film includes major biblical themes including sin, judgement, righteousness, and God as Creator. In addition, the film also promotes the concept of evolutionary creation'.

Although 'Noah' is a world-wide hit – grossing $359,200,044, the film has also been the subject of controversy with Christians who take issue with how the story has been portrayed. This is thus perhaps a film version of a biblical theme that can be accepted or rejected.

## Mi Casa brings the 'house' back to House

Mi Casa is a local House Music band from Johannesburg with a unique urban jazz sound.

House Music is a genre of electronic dance music that originated in Chicago in the early 1980s. It is characterised by repetitive 4/4 beats and rhythms provided by drum machines, off-beat cymbals and synthesized basslines.




The band has only released two albums thus far. Members of this group is J'Something, Dr Duda and Mo-T. Mi Casa has been nominated for 10 awards, including the *Metro FM Music Awards* and the *18th South African Music Awards*. At this prestigious awards ceremony,

Mi Casa won Best Dance Album, Group of the Year and Record of the Year. The band became popular in late 2011 with the release of their hit single *These Streets* from their album *Mi Casa Music*. Their hit song *Jika* got over a million views on *YouTube*.

The band consists of an eccentric and diverse group of people: Mo-T is Mi Casa's trumpeter. He comes from a musical rooted family and his father was part of the South African Afro-pop band, 'Mango Groove'.

J'Something is originally from Portugal. His real name is Joao da Fonseca. He moved to Port Alfred in the Eastern Cape, South Africa when he was seven years old.

Joao completed his studies in B.Com Marketing at Stellenbosch University before moving to Johannesburg, where he was a studio manager at the SoulCandi Studios.

Dr Duda is responsible for the music production for the band. He played keyboards in a gospel band as a child and has been in the industry for over 15 years. He got his nickname from a FL Studio plug-in called Duda. And there hit long *Jika* got over a million view on *YouTube*.

Mi Casa is a great hit among young South African House Music fans.

***- Dr Grey***



**Duda, J'Somthing and Mo-T, known as Mi Casa. Photo: Supplied**

COPY
SCAN
PRINT
FAX
ONE MACHINE
FOUR FUNCTIONS
Tel: 051 446 2440
KONICA MINOLTA
ITEC
e-mail: chris@itec-bloem.co.za
e-mail: andrev@itec-bloem.co.za

## results

INTERSCHOOLS
Glenwood in Durban

**RUGBY**

| | | |
|---|---|---|
| First Team | won | 29-12 |
| Cherries | won | 44-7 |
| Third team | won | 78-0 |
| Fourth team | won | 36-0 |
| Fifth team | won | 40-7 |
| Sixth team | won | 71-3 |
| Seventh team | won | 81-0 |
| Eighth team | won | 55-5 |
| Ninth team | won | 37-0 |
| u/16 A | won | 19-6 |
| u/16 B | won | 6-0 |
| u/16 C | won | 26-0 |
| u/16 D | won | 54-0 |
| u/16 E | won | 63-0 |
| u/15 A | won | 17-13 |
| u/15 B | won | 21-0 |
| u/15 D | won | 35-5 |
| u/15 E | won | 31-10 |
| u/14 A | won | 27-15 |
| u/14 B | won | 33-0 |
| u/14 C | won | 28-0 |
| u/14 D | won | 80-0 |

**HOCKEY**

| | | |
|---|---|---|
| First team | lost | 0-2 |
| Second team | drew | 1-1 |
| Third team | won | 2-0 |
| Fourth team | lost | 1-4 |
| u/16 A | lost | 0-1 |
| u/16 B | won | 4-0 |
| u/16 C | lost | 1-3 |
| u/16 D | lost | 0-4 |
| u/14 A | won | 5-3 |
| u/14 B | won | 6-1 |
| u/14 C | won | 2-0 |
| u/14 D | won | 4-3 |

# Solid season satisfies all

*First soccer team impacts high-profile tournaments*



**Muso Rampa has been one of the consistent players in the first soccer team. Photo: Bremer Visser**

**FRANS-HENDRIK BADENHORST**

At the beginning of the season in April, the u/15 and u/19 teams participated for the first time at the Waterstone College Tournament.

It was with great excitement and beyond expectations that Grey won both their categories. They managed to score quite a number of goals and conceded very few. According to mr Ludwig Koekemoer, Waterstone is an up-and-coming school with very good facilities and a well-prepared coaching staff.

In August Grey participated in the St Davids Tournament in Sandton, which is one of the top three tournaments in the country. Grey managed to do very well despite the fact that two of the matches were decided in a penalty shoot-out. According to Mr Koekemoer, Kyle Steenkamp, a gr 9 boy, played particularly well and saved 5 penalties throughout the tournament. In the final he made a crucial save for Grey to win this tournament. Mr Koekemoer says he is extremely grateful for the talent that the boys display.

Locally, Grey participated in the Kay Motsepe tournament, which is a national competition for u/19 players. The team has just a few boys that is u/19 so they had to participate against older players. Grey lost 3-2 in the semi-finals of the Bloemfontein League against Brebner after leading earlier.

Mr Koekemoer is positive about their chances on doing well during the Nedbank Grey College Soccer Tournament from 4-7 October. This is a very prestigious tournament and most of the top teams, predominantly from Gauteng, Kwazulu Natal, Free State and Eastern Cape, are participating.

The season went very well so far. Grey participated in 21 official matches of which they won 15, lost two and drew three. They scored 44 goals and conceded 15. Mr Nic Koupis, the Technical Director of Grey Football, is setting up important structures which the players are benefitting from. The captain, John Mabaso, has recently been contracted by Bloemfontein Celtic.

## Talent word ten toon gestel by 7's toernooi by Sentraal

**ETIENNE ERASMUS**

Vroeg in September 2014 het die Sentraal/Kovsies 7's toernooi plaasgevind by die Hoërskool Sentraal.

Verskeie skole het aan die toernooi deelgeneem, o.a. Hoërskole Jim Fouché en Sentraal. Grey het 'n totaal van drie spanne ingeskryf: 'n o/16-A en -B asook 'n o/18 A-span. Al drie dié spanne het vir puik prestasies gesorg.

Skole was opgedeel in twee groepe. In die groepfase is daar vier wedstryde deur elke span gespeel. Indien die span onder die top twee spanne in die groep was, het hulle deurgedring na die semi-finaal en uiteindelik die finaal.

Dian Schoonees, o/16 A-speler, meen dat sewesrugby in Bloemfontein afgeskeep word en dat meer sulke toernooie gehou moet word om spelers blootstelling aan sewesrugby te gee. Beide o/16-spanne het tot die semi-finale deurgedring. In die semi-finaal van die o/16-afdeling het Grey A teen Grey B gespeel, waar Grey A met 29-14 gewen het. Grey o/16 A het in die finaal teen Sentraal met 45-12 geseëvier om die toernooi te wen.

"Die toernooi was baie lekker. Die groot hoeveelheid toeskouers wat opgedaag het vir die toernooi het gesorg vir 'n lewendige atmosfeer, wat geweldig plesierig was om in rugby te speel," sê Gerrie Koegelenberg, wat aangewys was as die o/16-speler van die toernooi.

Die o/19-span het net so goed gevaar, maar in 'n naelbyt-eindstryd met 21-28 verloor. Verskeie van die matrieks kon ook nie deelneem nie.

Tydens die toernooi is 'n o/18 Vrystaat-sewesspan gekies. Dié span sluit in: Lourens Schreuder, Francois Agenbag, Dian Gouws en Daniël Rust.







# First rugby side ends year at the summit

**WIAN MOUTON**

The 2014 rugby season saw Grey College return to the summit of schoolboy rugby. It is very important to acknowledge the role players lead in Grey regaining this sought-after position.

The commitment and hard work from the players, coaches and the loyalty from the Grey boys created an environment where the 'Grey Gees' could prosper amongst the Grey boys and Old Greys, leading to a successful 2014 rugby season.

The harmony created in the First Team was significantly visible. They played outstanding rugby and scored some memorable tries. The following statistics show why Grey has regained the No. 1 position in South Africa: The team scored 851 points at an average of 40.5 per match and only conceded 283 at an average of 13.4.

The team was unbeaten in 20 of their 21 matches. The interest in the schools rugby was higher than any other year with 5 televised matches, more than any other school. Grey has produced 44 Springboks; the latest Springboks from Grey include Marcel van der Merwe and Cobus Reinach.

The only disappointment in the 2014 rugby season was the one loss to Grey High in Port Elizabeth. This was the first time Grey College had lost to Grey High in 10 years. Ignatius Prinsloo was the only player chosen for the SA Schools team from Grey despite Grey being the No. 1 rugby school in South Africa this year.

Grey College can perhaps be regarded as the most astonishing school in the world for its results on the rugby field.

The school is renowned for the international rugby players who have been through the school in recent years.

Grey College remains a place where boys can develop their talent from an early age and develop their skills and abilities, showcasing their talents and enjoy a game that has not only formed leaders on and off the field, but built relationships that saved the day on many occasions.

One thing remains true to this day: When the occasion demands, the Grey boy will come up to scratch.



**Janu Botha takes on Selborne defenders. Photo: Jacques Schreuder**

# Tafeltennis reis na die Ooste

*Leersame toer na Maleisië en Dubai span die kroon op goeie seisoen*

**PHILLIP PRETORIUS**

Na groot beplanning en 'n geswoeg en sweet met fondsinsamelings, was 'n toer vir Grey se eerste tafeltennisspan uiteindelik moontlik!

Op 27 Junie 2014 vertrek die span, bestaande uit Nico Daniel, Estian de Swardt, Jorge Gomes, Mustaffa Zakhura, Stephan Hansen en Salaam Mukhtar na Maleisië. Hul het ook in die Verenigde Arabiese Emirate besoek afgelê by onder andere Dubai en Abu Dhabi. Hulle is vergesel deur Me Benita Hancke, Me Chris-Marie Liebenberg en Mnr Marnus van Wyk.

Dit was egter nie net ontspan nie. Die manne het twee oggende ook afrigting ontvang en hul het in die middae te staan gekom teen junior spanne in onder meer Kuala Lumpur, hoofstad van Maleisië.

Alhoewel die oorsese spanne se standaard baie hoër is, het die Grey-span nie vir enige iemand terug gestaan nie. Een van die belangrikste oogmerke van die toer was om in kontak te kom met spelers wat tafeltennis op 'n hoë vlak bedryf.

Dit is wel bekend dat die wêreld se beste tafeltennis-spelers woonagtig is in Maleisië, Singapoer en Suid-Korea.

Hulle almal is dit eens dat hul die tafeltennis baie geniet het, maar die ondervinding wat hul opgedoen het, juis dit is wat elkeen na aan die hart lê.

Buiten tafeltennis, het hulle ook blootstelling aan 'n nuwe kultuur gekry. Gedurende hulle besoek aan Maleisië was dit die Moslems se vastyd. Geen persoon mag tussen 7-uur soggens en 7-uur saans eet of drink nie. Die Grey-manne moes maar kners op hul tande en 'n dowe oor hou vir die een langs hom se grommende maag.


Om dinge vir 'n honger man nog moeiliker te maak moes hul temperature van tot 38°C trotseer. Selfs dit kon hul egter nie afskrik om plekke soos die Petronas Towers in Kuala Lumpur en Ferrari World in Abu Dhabi te besoek nie. Hulle kon ook die uitgepraat raak oor hul besoek aan Dubai, met sy bekende geboue soos die Burj Al Arab-hotel en die die Burj Khalifah (die hoogste gebou in die wêreld), nie.

Op 8 Julie is hulle op eie bodem terug verwelkom, reg om met mening hul nuwe truuks te kom wys! Dit wil voorkom of daar baie teruggeploeg kan word in die skool se tafeltennis in die nuwe jaar.



Die tafeltennis-toergroep staan voor die indrukwekkende Petronas Towers in Kuala Lumpur, Maleisiese hoofstad. Foto: Verskaf

# Belowende resultate wink danksy 'n soliede grondslag




**HANRU BüHRMANN**

Mnr Wayne Coetzee, hoofafrigter en –hokkieorganiseerder, is saam met Grey se belowendste hokkiespelers dit eens dat die hokkiefondasie in 2014 nóg verder versterk is deurdat die meeste doelwitte wat vir 2014 gestel is, bereik is.

Die o/14A-, o/16A- asook die eerstespan het weer eens hierdie jaar met die Vrystaatbeker-louere weggestap. Hoewel die interskole-resultate nie na wense was nie, stem mnr Coetzee en Jacques Louw, eerstespan-speler, saam dat daar groot vordering ten opsigte van vaardigheidsvlakke was.

Jacques sê: "Alhoewel ons uitslae nie verbeter het nie, het die spelers se vaardighede baie verbeter, veral die jong ouens wat deurgekom het. Dit is te danke aan die talle ekstra ure wat ingesit word vir die kondisionering en fiksheid van die spelers. Die spelstrukture het so verbeter dat die ander spanne ons slegs naelskraap kon wen."

Dit is nou net 'n kwessie van die spelers se selfvertroue wat die lyn tussen wen en verloor sal trek. Mnr Coetzee beaam dit en reken dat geloof en vertroue in hulself, die volgende stap tot 'n wen-kultuur is.

Die 2014-seisoen is ook gekenmerk deur opwindende ver-wikkelinge.

Die Astro se nuwe mat en opgegradeerde hokkiefasiliteite is met 'n eerste "Summer Games" ingewy, wat volgens Kosie Kritzinger, o/16A-speler, 'n reuse-sukses was.

Hy sê verder: "Die effektiewe ouerkomitee het die betrokkenheid van talle ouers verseker. Grey se hokkie is in 'n baie goeie groeifase en moet net tyd en ondersteuning gegun word om tot volheid te ontwikkel."

Grey se hokkietalent waardeer die toenemende ondersteuning wat Grey aan hokkie bied. Jacques van Tonder, o/14A-speler, waardeer veral die toenemende toeskouergetalle en voel sterk "dat vol pawiljoene elke speler tot nuwe hoogtes aanspoor!"

Mnr Coetzee se oog is op jong en energieke afrigters wat reeds in 2014 begin afrig het en toegewyd is om by Grey-hokkie in 2015 en daarná betrokke te bly.

Hierdie standvastigheid reg deur al die ouderdomsgroepe is een van die grootste doelwitte vir 2015. 'n Afrigtingshandleiding en -kursus vroeg in 2015 is daarom reeds in die pyplyn.

Hokkiediepte by Grey is daar beslis. Dit word bevestig deur jong spelers soos Anton Vermeulen en Jacques van Tonder wat beide baie positief oor die toekoms van Grey-hokkie is en sê: "Daar is 'n klomp spelers wat baie hard oefen en aan die deur van A-spanne klop."

# Bergfietsryers word nou beskou as die beste in die land

**HUGO RICHTER**

Die afgelope kwartaal het die fietsry weer afgeskop met verskeie fietswedrenne waaraan die Grey-fietsryers deelgeneem het.

Die Grey-manne het onder andere aan die Eden Classic, SA Skole-finaal en die Vrystaat-reeks deelgeneem. Die Vrystaat-reeks het in Ficksburg en Welkom plaasgevind.

Die skool se ryers het ook by verskeie interskole fiets gery en kragte gemeet met Glenwood, Paarl Boys High en Paul Roos. Grey se ryers het uitstekend gevaar en by al drie interskole geseëvier. Mnr Juan van den Berg, hoof van fietsry by Grey, sê: "Paul Roos was sonder twyfel die lekkerste interskool om te wen, aangesien hulle die nommer een skolespan in die land was toe ons teen hulle deelgeneem het."

Na die oorwinning oor Paul Roos is Grey die nommer een skolespan in die land.

Wat individuele ryers betref, was Marc Fourie (o/18), Rinus Maarsingh (o/16), Francois Annandale (o/15) en Dawie Grobbelaar (o/14) die beste ryers in hul afdeling by die Vrystaat-reeks.

Marc Fourie het ook die Nasionale half marathon-reeks vir juniors gewen. Rinus Maarsingh het derde gekom in dieselfde reeks in die o/16-afdeling.

Mnr Van den Bergh sê: "Ryers soos Rinus Maarsingh, Francois Annandale en Wynand Brits kan dopgehou word."

Wat fietsrykompetisies betref, het die Spur SA Skole-finaal vroeg in Oktober in Magaliesburg plaasgevind. Ook hier het Marc Fourie homself bewys as die beste junior bergfietsryer in Suid-Afrika.

## uitslae

INTERSKOLE
Paul Roos

**RUGBY**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | wen | 25-20 |
| Cherries | wen | 40-19 |
| Derdespan | wen | 16-15 |
| Vierdespan | wen | 18-14 |
| Vyfdespan | wen | 22-19 |
| Sesdespan | wen | 17-12 |
| Sewendespan | wen | 47-10 |
| Agstespan | wen | 37-5 |
| Negendespan | wen | 27-5 |
| Tiendespan | wen | 17-10 |
| o/16 A | wen | 76-12 |
| o/16 B | wen | 34-10 |
| o/16 C | verloor | 23-24 |
| o/16 D | wen | 20-0 |
| o/16 E | verloor | 5-45 |
| o/15 A | wen | 42-13 |
| o/15 B | verloor | 11-16 |
| o/15 C | verloor | 13-15 |
| o/15 D | verloor | 12-31 |
| o/15 E | verloor | 0-47 |
| o/15 F | verloor | 5-51 |
| o/14 A | wen | 16-5 |
| o/14 B | wen | 20-6 |
| o/14 C | verloor | 5-12 |
| o/14 D | wen | 19-10 |

**HOKKIE**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | verloor | 0-1 |
| Tweedespan | verloor | 1-3 |
| Derdespan | wen | 2-1 |
| Vierdespan | verloor | 0-4 |
| o/16 A | verloor | 0-3 |
| o/16 C | verloor | 1-4 |
| o/16 D | verloor | 0-3 |
| o/16 E | verloor | 0-6 |
| o/14 A | gelyk | 2-2 |
| o/14 C | verloor | 1-2 |
| o/14 D | verloor | 0-4 |

**TAFELTENNIS**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | wen | 5-4 |

**MUURBAL**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | wen | 14-8 |
| o/16 | wen | 14-3 |

**TENNIS**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | verloor | 4-5 |
| Tweedespan | wen | 9-0 |
| o/15 A | verloor | 3-6 |
| o/15 B | verloor | 1-8 |



MEDICLINIC
BLOEMFONTEIN
24-UUR
NOODSENTRUM
0800 051 051
ONS NOODSPAN STAAN REG OM TE HELP IN ENIGE MEDIESE NOODGEVAL.
KUNDIGHEID WAT JY KAN VERTROU.

# SPORT



## tafel-tennis

Eerstespan toer na Maleisië en VAE

## rugby

First team ends the year as the number one ranked team in South Africa



## soccer

Captain Mabaso can look forward to a career as a professional soccer player



# Konstante spel sorg vir sukses tydens groot krag-metings



**Wian Victor het tydens die St Davids-toernooi die meeste lopies aangeteken.** **Foto: Jacques Schreuder**

## *St Davids T20-feestoernooi lewer spel van gehalte*

**CHRISTOPHER SCHREUDER**

Grey Kollege se eerste krieketspan het van 5 tot 7 September aan die St David's Marist Inanda T20 Feestoernooi deelgeneem.

Grey het goeie uitslae behaal deur 3 van hul 5 wedstryde te wen. Hulle het goeie oorwinnings oor St John's College, Kent Park Taverners en Rondebosch Boys High behaal.

Grey het vir Rondebosch, een van Suid-Afrika se top krieketskole, met 'n uitstekende 7 paaltjies gewen, met goeie vertonings deur Albert Potgieter (81 lopies van 54 balle), Janco Nel (37 lopies), Barend de Klerk (2 vir 27 in 4 beurte) en Raynard van Tonder (2 vir 20 in 3 beurte).

Barend de Klerk, die kaptein en openingskolwer, sê: "Positiwiteit speel 'n groot rol op die veld, omdat die oomblik wanneer die koppe sak, het jy klaar verloor. Die inkoop van al die spelers op die "vibe" van die span maak op die ou einde die verskil tussen wen of verloor."

Wihan Victor was die eerstespan se gevaarlikste kolwer en het ook die meeste lopies aangeteken, in totaal 182 lopies. Wihan Victor, openingskolwer, sê: "Ek probeer om eers my oog in te kry wanneer ek kolf, maar voel glad nie bang om my paaltjie te verloor nie."

Almal weet dat die eerstespan se boulaanval die jaar witwarm is. Petrus Coetzee, eerste aflosbouler, sê: "Ons is bevoorreg genoeg om 'n boulaanval te hê wat mekaar goed komplementeer. Ek maak staat op swaai om die kolwers te flous; en dan moet jy ook in die regte areas boul en met 'n spesifieke plan boul."

In elke toernooi is daar altyd die een of ander briljante oomblik in 'n wedstryd. Janco Nel, veelsydige speler, het gesê dat Niel Durow se goeie beurt van 50 lopies van 23 balle lekker was om te aanskou. Barend de Klerk het die span ook teen Affies en St John's op die voorvoet gesit deur 'n paaltjie van die eerste bal in elkeen van die wedstryde te kry.

Weens die rekordeksamen kon die matrieks nie die toer meemaak nie. Niel Durow, veelsydige speler, sê: "Die verlies aan die matrieks was nie so erg soos verwag nie, want ons het nog steeds 'n kern van ervare spelers en die jonger outjies het hul goed van hul taak gekwyt."

## sport kalender

**2014**
**VIERDE KWARTAAL**
**SPORTBEPALINGS**

3 Oktober - 6 Oktober
KRIEKET: Hilton Krieketfees in Pietermaritzburg

3 Oktober - 5 Oktober
WATERPOLO: Affies en Pretoria Boys' High in Pretoria

4 Oktober
BIATHLON: Suid-Vrystaat Interprovinsiaal in Bloemfontein

11-12 Oktober
BIATHLON: Griekwas Interprovinsiaal in Kimberley

15 Oktober
ATLETIEK: Grey Straatmyl in Bloemfontein

18 Oktober
ATLETIEK: Clover Atletiekbyeenkoms in Vrystaat Atletiekstadion

18 Oktober
KRIEKET: Affies Interskool in Bloemfontein en Pretoria

22-25 Oktober
TENNIS: Grey/ABSA-Toernooi in Bloemfontein

22-24 Oktober
WATERPOLO: St Stithians toernooi in Johannesburg

25 Oktober
ATLETIEK: Jim Fouché-byeenkoms in Bloemfontein

adidas
Official sponsor of Grey Rugby

Clover
Way Better™
Official sponsor of Grey Rugby




vivid designs 082 576 3143